

Sing vooraf: Psalm 91:5 (p. 461)

- 5 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
In onheilsnag sal geen geweld / jou pad onveilig maak nie,
jou reistent, eensaam in die veld, / geen kwaad of plaag genaak nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bely ons vergewing van ons sondes voor God en dat ons sy wet as 'n heilige
lewenswet beskou en nakom met Psalm 99:4, 5 (p. 492)*

Wet

Psalm 99:4, 5 (p. 492)

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede
en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 73:10 (p. 369)

- 10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Skriflesing: Matteus 7

Teks: Matteus 7:5, 14

**Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om
die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal.**

(Matteus 7:5 AFR1953)

**Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is
min wat dit vind. (Matteus 7:14 AFR1953)**

Hierdie gedeelte handel oor 'n hele aantal sake wat almal iets met mekaar te doen het:

- Dit gaan oor die manier waarop ons kritiek teen ander mense uitspreek, en ook oor wat die basis van ons kritiek is.
- Dit gaan ook oor dit wat ons aan ander mense doen.
 - En dan gaan dit nie in die eerste plek oor die mense aan wie ons dinge doen nie, maar oor hoe ons die Here daarmee verheerlik – of oneer aandoen!
 - Dit gaan dan ook nog daarvoor dat daar nie 'n mens is wat goed genoeg is om met sy eie regverdigheid die ewige lewe te verwerf nie.

Samevattend sou mens kon sê dat dit gaan oor jou vermoë om te kan onderskei waar dit op aankom, en hoe jy dit uitleef oor die volle terrein van jou lewe.

1. Die persoonlike aard van hierdie saak

2. Ons verantwoordelikheid teenoor God en sy kerk

1. Die persoonlike aard van hierdie saak

Die Here gebruik hier beeldspraak. As Hy praat van die smal pad en die breë pad, en die nou poort en die wye poort, is dit sonder twyfel duidelik dat die Here hier praat van die manier waarop die mense hulle gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid uitlewe.

Dit gaan oor die vervulling van die geregtigheid wat deur Jesus gepreek word.

- Ons moet beseft dat geeneen van ons sonder meer in onself regverdig genoeg is om met ons eie geregtigheid die hemel te verwerf nie. Tog stel hierdie feit nie die verlossing buite ons bereik nie:
- Ons het die nodige geregtigheid in Jesus Christus – die Here Jesus het dit aan ons geskenk –
 - maar al het Hy hierdie grootse daad gedoen, eis Hy nog steeds van ons 'n geloofslewe wat uit en uit gekleur is met werke en optredes wat dit duidelik maak dat ons besitters van hierdie verlossing is.

Daar is egter die groot probleem dat die duiwel nie een van ons uitlos nie.

- Hy tempteer ons elke dag.
- Hy sleep ons voortdurend in situasies in – en druk ons in sondes in – wat die gevolg het dat ons baie keer nie die dinge doen wat die Here vra nie.
- Daarom skiet ons ook baie keer tekort as ons die Here se beeldskap moet vertoon.

Dit is waar hierdie gedeelte inpas: Ons moet altyd aanhou om die regte pad te soek – by wyse van spreke.

- Ons moet onself altyd ondersoek, en uitvind of dit wat ons doen reg is.
- Ons het dus die verantwoordelikheid om altyd weer terug te keer as ons verdwaal het deur die sonde.

Dis waarvan vers 13 praat:

Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.

Hierdie oproep raak twee sake:

- Dit raak ons verhouding met die Here tot sy wederkoms.
- Dit raak ook ons menseverhoudinge.

U moet onthou dat hierdie teks nie alles sê oor die toegang tot die hemel nie.

- Hierdie teks belig maar net een aspek daarvan wat ons in ons menslike verantwoordelikheid raak.
- Daarom word dit hier beskryf dat toegang tot die hemel is soos die soektog na 'n klein poort of deurgang in die stadsmuur.

Die plek wat hier beskryf word, is 'n plek waarby 'n mens maklik kon verbygaan sonder dat hy dit kry.

- Die mense het mos in daardie jare die gebruik gehad om, behalwe die stadspoort, ook nog 'n aantal klein en versteekte deurgangetjies deur die stadsmuur te maak.
- Hulle het hierdie versteekte ingange gebruik sodat hulle daardeur kon ontsnap as die stad beleër word.
- Die nou poort kon net met inspanning en skerpsinnigheid gekry word.

Dis waarvan hier gepraat word.

Die ander voorbeeld is die smal pad deur die berge: dis 'n voetpad wat op sommige plekke heeltemal onherkenbaar word – veral as jy die pad nie ken nie!

- Die beeld van hierdie pad word juis gebruik om te teken hoe die mens wat die pad gebruik, versigtig en met moeite vorentoe gaan omdat sy oplettendheid al sy sintuie en al sy aandag vereis.
- Dis 'n pad waarop jy baie seker moet wees waarheen jy besig is om te gaan, en wat jy besig is om te doen!
- Op hierdie pad soek jy, en beleef jy die weldade wat God aan jou skenk in die Here Jesus Christus.

Dis nie 'n soort van gehoorsaamheid waarmee jy jou saligheid wil verdien nie. Dis juis 'n gehoorsaamheid waarin jy bewustelik die dinge wat die Here klaar aan jou geskenk het, ontgin, en in jou lewe in werking stel.

Die beelde van die smal pad en die nou poort leer ons dat die deure van die hemel nie onvoorwaardelik oopstaan vir alle mense nie. Dan sou die hel mos verval, want vir wie sou die hel dan daar wees?

- Die hemel se deure is oop vir die wat met 'n opregte geloof in die verlossing deur die Here Jesus Christus stry en soek om die wil van God te doen.
- Dus, die wat energie in hulle geloofsluwe insit tot eer van die Here.

Die smal pad teken geloofserns.

- Dit simboliseer diepte van aanbidding.
- Dit simboliseer ware liefde en kennis van God.
- Dit simboliseer werke wat daarby pas.

Die breë pad staan heeltemal teenoor hierdie lewenstyl!

- Dit teken mense wat so deur die lewe beweeg dat daar genoeg beweegruimte is om hulle beginsels te rek en te krimp om enige lewensituasie te pas.
- Sulke mense stel altyd hulle eie voordele vir die oomblik op die voorgrond. Meestal oorweeg hulle nie die eer van die Here as die belangrikste motief nie.
- Ons kan nie maar na enige kant toe lewe nie. So 'n slingerende mens weet nie wat dit is om homself te verloën sodat hy en sy sondes en begeertes altyddeur minder word en die eer en die geregtigheid van God elke dag meer word nie.

Die Here sê nogal dat hierdie *breëpadmense* die grootste meerderheid is – dis mense wat nooit op die punt kom waar hulle 'n oorwoë Christelike lewe kan lei nie.

Die wat die smal pad kry, is maar min.

- Hierin is 'n ernstige waarskuwing vir ons eie tyd opgesluit, want ons loop soms agter baie snaakse grille aan – soos die “gees van die tyd” – sonder dat ons noodwendig toets of dit die eer van die Here ten goede of ten kwade gaan raak.
- Dink maar byvoorbeeld aan dinge soos modes, sekere soorte musiek, die moderne siening van vrye liefde en ook nog sake soos lotery (Lotto) en beroepswedery (enige wedery, sonder dat jy dit noodwendig jou beroep maak).

- Baie van ons volg hierdie dinge bloot na om nie uit tel te wees nie, en so word ons saamlopers op die breë pad.

Ons moet dit uit hierdie beeld wat die Here gebruik, onthou:

- Die meerderheid is nie noodwendig reg nie.
- Jy moet self voor die Here duidelikheid kry of iets reg of verkeerd is, want jy dra self die verantwoordelikheid daarvoor dat jy op die regte geloofspad moet beweeg.

2. Ons verantwoordelikheid teenoor God en sy kerk

Die saak van onderskeiding tussen reg en verkeerd en die uitlewing daarvan het inderdaad 'n bepaalde ontwikkelingsgang na die wederkoms toe.

Hierdie saak gaan ook al hoe moeiliker word soos wat die tyd vorder.

- Die Here waarsku dat daar in sy gemeentes kerkleiers sal kom wat eintlik wolwe in skaapsklere sal wees.
- Hulle sal ook met allerlei vertolkings uit die Bybel kom – maar dit sal nie vertolkings wees wat die gemeente sal lei tot verdieping in hulle verheerliking van die Here nie.
- Hulle sal die gemeente juis met allerhande vreemde soorte van Skrifverklaring van die Here af weglei.

'n Deel van die gelowige se beweeg op die smal pad is dus ook om sy kerk en sy kerkleiers voortdurend te toets.

- Die Here voorspel self dat hierdie saak al hoe moeiliker sal word na die einde toe, omdat daar valse christusse in die kerk sal kom, en dit sal moeilik wees om hulle van die ware predikante te onderskei.
- Deel daarvan om op die smal pad te beweeg is dus ook om die valse predikers uit die ware kerk te ban.

Die gelowiges het almal een punt van ooreenkoms: almal word geken aan die vrugte wat hulle lewens voortbring.

- Die vrugte wat jy dra, vertel watter boom jy is. Van vers 16 tot 20 vertel die Here in 'n gelykenis hiervan.

Daar is klanke van genade en oordeel:

- Die Here toets jou vrugte: 'n doringboom kan tog nie druiwe dra nie, en 'n distel dra ook nie vye nie.
- Die bome wat van hierdie soorte is, word uitgekap en in die vuur gegooi.

Ons het hier 'n baie duidelike sinspeling op die eindoordeel van die Here.

- Op daardie stadium van die geskiedenis is dit te laat om te probeer verander.
- Daardie punt is by die moontlikheid van bekering verby.
- Jy kan nie dan na die smal pad begin soek nie.

Daardie dag kan jy ook nie met die Here redeneer en jouself en jou werke probeer regverdig nie. Lees maar vers 22, 23:

Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk! (Matteus 7:22-23 AFR1953)

Baie sal hulle daardie dag beroep op hulle werke vir die Here – en tog gaan die Here hulle afwys!

Wat was die bedoeling van die Here Jesus met hierdie preek? Wou Hy mense bang maak en die skrik op die lyf jaag?

- Die antwoord is dat Hy hulle wou laat insien hoeveel genade daar is, en hoe hulle die genade in hulle eie lewens moet benut.
- Dit is 'n genadepreek waarin Hy hulle aangespoor het om Hom te volg op die smal pad.

Hy – die Here Jesus Christus – het 'n baie smal pad geloop.

- Hy het sy lewe gaan aflê sodat hopelose sondaars voor God kan lewe.
- Hy het voorsien dat mense wat vuil en besmet is, verander kan word sodat hulle in volmaakte heerlijkheid voor God kan staan.

In 'n sekere sin sou ons kon sê dat Jesus nie eers 'n nou poort gehad het om deur te gaan nie.

- Hy moes inderdaad deur die soliede muur van die dood gaan.
- Hy moes die mag van die hel en ewige straf breek om ons daarvan vry te maak – en Hy het.

Wat moet ons met al hierdie dinge maak? Ons kan vir hierdie onberekenbare voorreg nie anders nie, ons moet elke dag besin:

- God die Heilige Gees sal ons laat sien waar ons verkeerd doen.
- Dan sal Hy ons ook lei tot bekering en wedergeboorte – 'n proses wat daaglik aangaan – sodat ons die genade van God in Christus mag uitleef.
- Hy sal ons lei sodat ons ook in hierdie lewe reeds die eerste beginsels van die ewige lewe kan ervaar.

Dan dra ons vrugte wat die eer van God verkondig. Kom ons soek dan die nou poort, en ons loop op die smal pad.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 116:1, 7 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 7 Wat kan 'k die Heer vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Augustus 2008

Preekopsomming

Ons moet dít uit hierdie beeld wat die Here gebruik, onthou:

- Die meerderheid is nie noodwendig reg nie.
- Jy moet self voor die Here duidelikheid kry of iets reg of verkeerd is, want jy dra self die verantwoordelikheid daarvoor dat jy op die regte geloofspad moet beweeg.